Geliefde Lourensrivierder



Vanoggend stuur een van ons Rapha vroue ‘n boodskappie op ons groep: ” Vandag is ek net dankbaar” en so ‘n paar gedagtes oor hierdie woord hol deur my kop soos branders op die strand uithardloop en ontplof!!
Ek lees die volgende op eKerk (www.ekerk.org) oor dankbaarheid:
“It is gratefulness which makes the soul great.” Rabbi Heschel
Dit is so maklik om ontevrede te word met wat ek het. Om myself te vergelyk met vriende/familie wat vooruitstrewend is en lyk of hulle geen probleme het nie, geskied onbewustelik . My eie lewe voel dan vaal en oninteressant en ek voel minderwaardig. Ek begin dan fokus op my eie swaarkry en dit wat ek nie het nie, in plaas van om die baie wat ek reeds ontvang het, raak te sien.
Onvergenoegdheid kan versprei soos suurdeeg na elke vlak van my lewe en verhoudings. Ek raak dan buierig, negatief en verbitterd.
Om ‘n dankbare hart te hê is lewensveranderend. Dan kyk ek verby die dinge wat vir my moeilik is en sien ek God se oorvloedige seën raak. Dit verklaar hoekom die bejaarde vrou in die ouetehuis ten spyte van haar chroniese pyn steeds vriendelik kan wees en jou bedank vir jou besoek. En dit verklaar hoekom die middeljarige man wat onlangs sy werk, sy huis en sy familie verloor het, in plaas van bitterheid, uit sy pad gaan het om die mense wat vir hom kos en blyplek gegee het, te bedank.
Onlangse navorsing wys dat mense wat dankbaar is gelukkiger, meer opgeruimd en meer tevrede met hulle lewe en verhoudings is. Hulle is minder gespanne en depressief.
Dankbaarheid is ‘n manier van lewe en nie net ‘n gevoel nie. Die Bybel leer ons dat dankbaarheid deel is van die kern van ‘n Christen se lewe. (1 Tessalonisense 5:18 “Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag”)
Hierdie dankbaarheid is nie net ‘n emosie nie maar inspireer my om tot aksie oor te gaan. Met die baie wat ek ontvang het gaan dien ek ander in liefde. So kan ek vir my vriendin wat so pas ‘n baba gehad het aandete neem en ‘n koppie tee by my bejaarde buurvrou gaan drink. Kan ek ‘n handgeskrewe kaartjie stuur aan ‘n jarelange vriendin of ‘n gewillige oor wees vir iemand wat nodig het om te gesels.
Om ons dankbaarheid lewendig te hou moet ons, onsself voortdurend herinner aan alles wat ons voor dankbaar kan wees. Om te kan opstaan in die oggend en heel eerste dankie te sê vir hierdie nuwe dag. Om dankie te kan sê vir my man/kind/gesondheid/wat ek ookal ontvang het – dit raak te sien en te sien dat dit goed is. En God daarvoor te eer.

“If you can manage to be thankful in every situation, really believing that God is working everything out for your good, you will end up with the victory every single time” Joyce Meyers

NUUSKRUMMELS: 7 Maart 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

UITREIK NA TRANSKEI: Tydens die DOVE Vergadering van 9 Februarie 2019, is daar besluit dat DOVE 'n besoek wil bring aan die VGK Decoligny en Sinethemba in die Transkei, gedurende die naweek van 27 April - 1 Mei 2019. Die doel van die besoek is om ons verhouding met Decoligny gemeente en Sinethemba te hernu en uit te bou. Gesprekke sal met die Kerkraad van Decoligny en Sinethemba se personeel gehou word om te bepaal hoe DOVE vorentoe betrokke kan wees by hulle.
Persone wie graag die uitreik wil meemaak, moet asseblief voor 17 Maart by Willem Botes inskryf, per epos (wgpbotes@gmail.com), per tel. of Whatsapp 083 658 2154. Die koste van die uitreik is R700.00 per persoon.
Reëlings rakende die vervoer en program, sal later bekend gemaak word. Kom reik saam uit, beleef Transkei en sy mense en kom ‘n ander mens terug!

BESIGHEIDSNETWERK:

Ons heet vir Olivia en Renette welkom as deel van ons Besigheidsnetwerk op ons webtuiste♫ Ondersteun hulle asseblief.
Hiermee nooi ons ook weer Gemeentelede uit wat besighede het om die kerkkantoor te kontak sodat ons die inligting op die besigheidsnetwerk op ons Webwerf kan plaas (http://www.lourensrivier.co.za/index.php/besigheidsnetwerk).

Jy kan ook jou besigheid op Graham Powers se Unashamedly Ethical webwerf gaan registreer waar mense, wat in alle omstandighede eties wil optree in hul besighede, 'n besigheidsnetwerk geskep het: http://unashamedlyethical.com/

NUUS UIT ANDER KERK-OORDE

Ons is baie opgewonde oor die jaarlikse **#IMAGINE** fees wat om die draai is… 29-31 Maart 2019 te Bredasdorp Park. As Taakspan vir Jeug en Familiebediening van die Sinode van Wes-Kaapland is ons vir 'n 6de jaar heelhartig ingekoop by hierdie wonderlike inisiatief. Dit bied 'n geleentheid vir gemeentes om saam te span om vir jongmense 'n naweek van geestelike groei te bied, waar hulle ook toegerus en uitgedaag word om 'n verskil in hulle skole, kerke en gemeenskappe te maak.

Waarna sien ons veral uit in 2019:
- Groter klem op diversiteit t.o.v. spiritualiteit ('n koor, klassieke instrumente, sowel as 'n groter verskeidenheid liedere word tot die aanbidding bygevoeg en 'n verskeidenheid gebedsmomente raak deel van die program)
- Nuwe werkswinkels wat tieners prakties toerus
- 'n Klem op mentorskap in die tema
- Gefokusde vryetyd aktiwiteite wat tieners oefenkans gee om brûe te bou
- Laer kaartjiepryse van R450 per persoon (a.g.v. 'n eenvoudiger spyskaart en klanktoerusting) wat beteken meer tieners kan dié geleentheid bywoon
- Groter verhoudingsbou tussen gemeentes en in gemeenskappe (gemeentes word uitgedaag om 'n ander kerk saam te nooi of tieners uit 'n minder gegoede area te borg om saam met hul tieners die fees te kom bywoon)

Registrasie:
Aanlyn registrasies is reeds oop! Tieners kan dié jaar slegs in groepe (deur kerke of skole) registreer – sodat 'n goeie langtermyn pad met elkeen gestap kan word. Maak seker jou gemeente registreer as 'n inskrywingspunt en dat jy die vorms uitdruk vir die tieners en leiers in jou gemeenskap.
Volg die skakel: https://imaginemovement.co.za/leader-registration/
Vind die bemarkingsmateriaal hier en verdere inligting hier.

Navrae:
Vir enige navrae, kontak die Suide Feeskantoor vir ondersteuning by south@imaginemovement.co.za

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

Slypskool leer kinders oor boelies asook om goed te voel oor hulself met die leuse #jyisgoedgenoeg.
Byeenkomste word ook gereël vir vroue.
Julia Lloyd, die dryfveer en passie agter hierdie projek is dringend op soek na 'n bekostigbare plek waar hierdie werkswinkels aangebied kan word. Dis 'n liefdadigheidsorganisasie wat staatmaak op donasies van die gemeenskap om ons kinders vir die toekoms te bemagtig.

Lees meer hieroor by hierdie skakel:
https://www.netwerk24.com/ZA/Distrikspos/Nuus/slypskool-leer-kinders-oor-boelies-20190220-2

WERKSGELEENTHEID:

Finbond is a vibrant, fast expanding company in the financial industry.
We are excited to be opening our second Banking Call Centre in April 2019.
This Banking Call Centre, based in Somerset Links Somerset West, will be aimed specifically to accommodate our Afrikaans Clients.
There are 4 consultant positions available.

Below is a brief description of the role:

Purpose of the role:
To provide a sales, promotion, communication and administrative service to clients within a Call Centre environment; to the extent necessary for the organisation to achieve its objectives.

Qualifications:
Minimum Matric.

Experience:
No previous experience needed.
Training will be supplied.

Knowledge and Skills:
Office skills or equivalent
Interpersonal skills Sales skills
Numeracy skills.
Good verbal communication skills.

Additional Requirements:
No Criminal record Clear ITC Honesty
Punctuality.

Working hours:
Monday – Friday 8:00 – 16:30

Remuneration:
Industry related.

FINBOND
MUTUAL BANK
It's my bank!
Sunday Times Top Company of the Year 2017

Windy Pratt
National Call Centre Manager
Finbond Mutual Bank
Tel: +27 21 852 8991 Ext 339
Fax: +27 21 852 4378
Cell: +27 83 882 6171
windy@finbond.co.za
www.finbondmutualbank.co.za
www.finbondlimited.co.za

Kindly forward any CV to windy@finbond.co.za should you be interested.
You are welcome to forward any other questions you might have.

Kind regards,

Die Ruimte Sentrum in Millsstraat 96, verkoop weer weekliks heerlike druiwe, vars afgelewer vanaf De Doorns, vanaf Woensdag 27 Maart 2019.

Koste: R70 vir 4 kg

Plaas asseblief u bestelling teen Maandae vir afhaal op Woensdae.

Skakel Delmari / Gerda by 021 - 854 8234



KNIEWERK

- Johan Strydom – kanker
- Fransie de Jager wag vir rugoperasie – ervaar baie pyn
- Joël Kriegler herstel na operasie
- Ons innige meegevoel met Bernard & Willa McDonald asook familie met die heengaan van hul dogter, Jana

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 10 MAART SE BOODSKAP: LUK 4:1-13 (EERSTE WEEK IN LYDENSTYD

Wat is 'n versoeking? Sonde? Swakheid? Is versoekings jou skuld? Is versoekings boos? Tref versoekings vir almal?

As 'n versoeking na jou kant toe kom, is dit nie verkeerd nie, maar wanneer jy in beweging kom en dit doen, die versoeking "uitvoer of toegee daaraan", word dit sonde. (Lees Jak. 1: 12 – 18)

Wat sê Mat. 6:13 vir ons? Vader, laat ons nie toegee aan die versoekings nie; moet ons nie "alleen" los dat ons die versoekings alleen moet trotseer nie.

Luther het gesê: *"Ek kan nie help dat daar voëls oor my kop vlieg nie, maar ek kán help as hulle op my kop wil nesmaak."* Ons moet besef en aanvaar dat daar moeilike tye in ons lewe gaan kom, daarom kan ons dit nie weg wens of eenkant skuif nie. Ons moet aanvaar dat die duiwel nie vir ons gaan los nie en ons ook peper met versoekings om ons ontrou aan God en ons trou aan hom te toon. Wanneer ons die versoekings aanvaar, kan ons daarmee handel en dit trompop loop en as oorwinnaar uitstap.

Jesus aanvaar hierdie uitdaging (versoekings) sonder vrees – Hy deins nie terug nie, daarom het Hy reeds oorwin omdat Hy nie die maklike weg gekies het nie, maar die uitdaging aanvaar het om in alles aan God getrou te bly.

Jesus se versoekings in die woestyn, was 'n deel van sy "opleiding" vir sy bediening. (om ons te verseker dat ons 'n Hoëpriester het, wat in al ons swakhede en gebreke met ons kan simpatiseer (Heb 4:15), omdat Hy in alle opsigte soos ons versoek is. Ons Here se menslike natuur maak dit vir Hom moontlik om met ons swakhede te simpatiseer, aangesien Hy ook aan swakheid onderwerp was. Heb 2:18"Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word")

Hoe hanteer ons versoekings wat oor ons pad kom en ons nie weet hoe om daaruit te kom nie?

1. Ons moet leer om naby aan Jesus te leef. Hy moet die riglyn van ons lewe stel, ons moet Sy wil soek. Laat die Heilige Gees toe om jou lewe te beheer en te regeer.
2. Ken God se Woord. Ons moet die Woord van God "eet", dit deel van ons lewe maak en daarvan en daaruit lewe. Kennis van die Woord van God, gee ons insig in die ware betekenis van die lewe en wys ons die pad na ware geluk.
3. Dit moet nie vir ons gaan om te wil groot wees en om gedien te word nie, maar om ander te dien.

Wanneer ons volhard en versoekings met die krag van die Heilige Gees weerstaan, klink die woorde van Jak. 1:12 op: "Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As jy die toets deurstaan het, sal jy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan die wat Hom liefhet."
Onthou die versekering in Rom. 15:4, dat God oor alle eeue werk, Hy het voorsien, Hy het ook al baie in ons eie lewe voorsien en gehelp en Hy sal dit ook in die toekoms doen.
Daar is net twee maniere om versoekings te hanteer: of jy val vir die versoekings of jy val vir Jesus!

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE